

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

| GRAAN SA OLIESADE | DATUM | DATUM | | + - WEEK GELEDE | | + - MAAND GELEDE | | + - JAAR GELEDE | |
|--|------------|----------------|-------|-----------------|---|------------------|---------|-----------------|----------|
| | 2017/11/21 | 2017/11/20 | | 2017/11/13 | | 2017/10/23 | | 2016/11/21 | |
| | Data | Δ | Δ% | Data | Δ% | Data | Δ% | Data | Δ% |
| Brent (\$/b) | 62.30 | ↓ 0.35 | -0.6% | 62.65 | ↓ 2.2% | 63.68 | ↑ 7.6% | 57.92 | ↑ 26.0% |
| US\$: ? ZAR | 14.03 | ↓ 0.000 | 0.0% | 14.03 | ↓ 2.6% | 14.40 | ↑ 5.6% | 13.29 | ↓ -1.2% |
| ΔCBOT 8vm : 12nm* | R 1 905.54 | ↑ 11 | 0.6% | R 1 894.50 | *CBOT Dec sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Mielies Dec +12:00 die vorige dag | | | | |
| ΔCBOT 8vm : 12nm* | R 2 175.47 | ↓ 27 | -1.2% | R 2 202.53 | *CBOT Dec sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Koring Dec +12:00 die vorige dag | | | | |
| ΔCBOT 8vm : 12nm* | R 5 103.59 | ↓ 3 | -0.1% | R 5 106.17 | *CBOT Nov sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Soy Nov +12:00 die vorige dag | | | | |
| Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag) | | | | | | | | | |
| Corn Dec '17 | 345.00 | ↑ 2.00 | 0.6% | 343.00 | ↑ 1% | 343.00 | ↑ 0% | 344.00 | ↓ -11% |
| Wheat Dec '17 | 422.00 | ↓ 5.25 | -1.2% | 427.25 | ↓ 2% | 431.00 | ↓ 1% | 426.00 | ↓ -13% |
| Soybean Jan '18 | 990.00 | ↓ 0.50 | -0.1% | 990.50 | ↑ 2% | 974.25 | ↓ 0% | 991.00 | ↓ -2% |
| Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton) | | | | | | | | | |
| SORGHUM Dec '17 | 2620 | 0 | 0.0% | 2620 | ↑ 0.0% | 2620 | ↑ 4.8% | 2500 | ↓ -26.6% |
| WMAZ SPOT | 2012 | 30 | 1.5% | 1982 | ↓ -0.6% | 2025 | ↑ 5.6% | 1905 | ↓ -49.1% |
| WMAZ Jul '18 | 2176 | 42 | 2.0% | 2134 | ↑ 0.2% | 2172 | ↑ 4.9% | 2075 | ↓ -14.9% |
| YMAZ SPOT | 2110 | 21 | 1.0% | 2089 | ↓ -0.3% | 2117 | ↑ 5.8% | 1995 | ↓ -35.2% |
| YMAZ Jul '18 | 2233 | 24 | 1.1% | 2209 | ↓ -0.4% | 2241 | ↑ 4.3% | 2140 | ↓ -9.0% |
| SOY 50 SPOT | 5087 | 17 | 0.3% | 5070 | ↑ 1.3% | 5022 | ↑ 5.7% | 4813 | ↓ -22.9% |
| SOY May '18 | 5286 | 43 | 0.8% | 5243 | ↑ 1.3% | 5216 | ↑ 6.0% | 4989 | ↓ -14.4% |
| SUN SPOT | 4825 | 39 | 0.8% | 4786 | ↑ 1.7% | 4746 | ↑ 6.0% | 4550 | ↓ -19.6% |
| SUN May '18 | 4989 | 29 | 0.6% | 4960 | ↑ 1.1% | 4936 | ↑ 6.1% | 4700 | ↓ -15.7% |
| WHEAT SPOT | 4170 | 0 | 0.0% | 4170 | ↓ -0.6% | 4196 | ↓ -0.7% | 4200 | ↑ 5.3% |
| WHEAT Dec '17 | 4180 | ↓ 12 | -0.3% | 4192 | ↓ -1.0% | 4221 | ↑ 0.2% | 4171 | ↑ 5.4% |
| OLIESADE | 2017/11/17 | Bron: Oilworld | | | 2017/11/10 | May 2017 | | June 2015 | |
| Soya-oil, Arg. | 784 | ↓ | -2% | 796 | ↑ | 2% | 769 | ↑ | 16% |
| Soya-pell, Arg. | 319 | ↑ | 1% | 315 | ↓ | -6% | 339 | ↓ | -13% |
| Soybean, Brazil | 414 | ↓ | -2% | 423 | ↑ | 1% | 410 | ↑ | 1% |
| USA Runner 40/50 | 1250 | ↑ | 0% | 1250 | ↓ | -22% | 1600 | ↓ | -4% |
| Sun-oil, Arg. | 765 | ↑ | 0% | 765 | ↑ | 1% | 755 | ↓ | -4% |
| Sun-oil, Black Sea | 762 | ↑ | 0% | 762 | ↑ | 2% | 750 | ↓ | 2% |
| Sunseed, Black Sea | 373 | ↑ | 0% | 373 | ↓ | -7% | 400 | ↓ | -9% |
| Rapeseed, EU cif | 443 | ↑ | 0% | 443 | ↑ | 4% | 425 | ↑ | 11% |
| Palm oil Mal, EU | 1455 | ↑ | 3% | 1410 | ↓ | -1% | 1470 | ↑ | 40% |

JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE

Sojabone: Die sojaboon produksie vooruitsigte in Brasilië het verbeter oor die afgelope paar weke met die weerstoestand wat meer gunstig gedraai het en die aanplantings wat goed kon opvang na die vertraging was vroeër die seisoen gesien was. Die produksieverwagtinge vir die seisoen word op ongeveer 107 miljoen ton geskat wat steeds 'n redelike goeie oes is alhoewel dit laer is as verlede seisoen se rekord produksie van 114 miljoen ton. In Argentinië het die weerstoestand ook verbeter en die aanplantings daar kon ook teen 'n beter tempo begin voortgaan alhoewel die aanplantings tot dusver hierdie seisoen aansienlik laer is as teen dieselfde tyd van jaar in die vorige seisoen. Die Amerikaanse sojaboon produksie vir die seisoen word ook verwag om 'n nuwe rekord te bereik wat sal bydra tot die groot wêreld produksie en voorraadvlakke. Die Sjinese sojaboon invoere word verwag om af te neem vroeg in 2018 met groot hoeveelhede sojabone wat reeds gekontrakteer is en gedurende Desember ingevoer sal word. Hierdie invoere sal lei tot die akkumulering van sojaboon voorrade in Sjina en dit tesame met die hoër verwagte produksie in Sjina sal lei tot die daling in verdere invoer vraag. Met die stroop proses in die VSA wat einde se kant toe staan sal die hoof fokus in die internasionale sojaboonmark op die Suid Amerikaanse produksie wees vir die seisoen tot middel volgende jaar. **Plaaslik:** Die nuutste maandelikse SAGIS verslag word Vrydag bekend gemaak en dit sal belangrike inligting weerspieël rakende die plaaslike voorraadvlakke en die tempo van verwerking wat tans plaaslik plaasvind. Die weerstoestand in die somersaangebiede sal ook dopgehou word vir die aanplantings van sojabone vir die komende seisoen.

Sonneblomsaad: Die wêreld sonneblomsaad produksie vir die 2017/18 seisoen sal waarskynlik hoër wees as wat die aanvanklike verwagtinge in die mark was en behoort slegs marginaal laer te wees as verlede seisoen se rekord produksie wat gesien was. Die produksie in die CIS lande sal waarskynlik nog laer wees as wat in die vorige skatting gerapporteer was met die gemiddelde opbrengs in die Oekraïne wat aansienlik laer was as verlede seisoen se gemiddelde opbrengste. Die opbrengste wat tot dusver in Rusland gerapporteer was is slegs 2 – 3% laer as verlede seisoen se rekord opbrengste, maar die stroop proses in Rusland vorder stadig wat die risiko vir laer opbrengste vir seisoen vergroot. In die EU word daar 'n groter as verwagte produksie vir die seisoen verwag wat die Europese vraag na sonneblom meel invoere kan beperk. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblomsaad mark het verlede week hoofsaaklik onder druk gekom en het laer verhandel vir die week om die week Vrydag effens laer af te sluit as waarteen dit Maandag geopen het. Die weer sal ook vir die sonneblom aanplantings dopgehou word alhoewel dit nog relatief vroegerig in die seisoen is vir die sonneblom aanplantings om op grootskaal plaas te vind.

Kanola: Beter as verwagte produksies van kanola en raapsaad in die CIS lande sal die verwagte verliese in die EU tot 'n groot mate uitkanselleer. Die grootste onsekerheid in die internasionale konteks van kanola is die werklike produksies vir die seisoen wat in Kanada en Australië gesien gaan word vir die seisoen. **Plaaslik:** Die stroop proses van kanola in die Weskaap het al goed gevorder en die maandelikse SAGIS data wat Vrydag gerapporteer word sal 'n goeie aanduiding wees van hoeveel kanola alreeds gelewer is vir die seisoen tot dusver. Die nuutste oeskatting van wintergrane vir die seisoen word volgende week bekend gemaak en dit sal interessant wees om te sien of daar enige aanpassings gemaak is in die produksieverwagtinge vir die seisoen.

Grondbone: Die internasionale grondboon en grondboon produkpryse het die afgelope tyd skerp onder druk gekom, hoofsaaklik as gevolg van groot wêreldvoorrade wat tans beskikbaar is met Amerika wat se produksie verwag word om 'n rekord van 2.6 miljoen ton te bereik. Die wêreld grondboonproduksie het in die vorige seisoen met ongeveer 8% toegeneem en die produksie vir die huidige seisoen word verwag om met 'n verdere 3% toe te neem. Die wêreld grondboon uitvoere het ook gestagneer teen die hoë vlak van 2.69 miljoen ton en die afnames in die Argentynse en Amerikaanse uitvoere is uitgekanselleer deur die toenames in die uitvoere vanaf China en Indië. **Plaaslik:** Die verwagting vir die seisoen is dat daar plaaslik meer grondbone geplant sal word as verlede seisoen en die aanplantings het al begin in sommige gedeeltes van die land. Die weerstoestand sal ook vir die grondbone dopgehou word met die onverwagte kouefronte wat voorkom wat nie gunstig is vir grondbone wat tot dusver aangeplant is nie.

Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: luan@grainsa.co.za